ONS GLO

# LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton • (011) 864-5110/1 • info@randhartlaer.co.za • randhartlaer.co.za

27 Maart 2026

Geagte Ouers / Voogde

**TOETSROOSTER: TWEEDE KWARTAAL 2026**

**Toetsrooster vir graad 4 – 6**

| Vak | Datum |
|---|---|
| Afrikaans | Vrydag 8 Mei |
| Engels | Maandag 11 Mei |
| Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis | Vrydag 15 Mei |
| Natuurwetenskappe en Tegnologie | Vrydag 22 Mei |
| Sosiale Wetenskappe: Geografie | Maandag 25 Mei |
| Wiskunde | Vrydag 29 Mei |
| Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn | Maandag 1 Junie |

**Toetsrooster vir graad 7**

| Vak | Datum |
|---|---|
| Afrikaans | Maandag 20 April |
| Engels | Vrydag 24 April |
| Sosiale Wetenskappe: Geskiedenis | Vrydag 8 Mei |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Maandag 11 Mei |
| Tegnologie | Vrydag 15 Mei |
| Natuurwetenskappe | Maandag 18 Mei |
| Sosiale Wetenskappe: Geografie | Vrydag 22 Mei |
| Skeppende Kunste | Maandag 25 Mei |
| Wiskunde | Vrydag 29 Mei |
| Lewensoriëntering | Maandag 1 Junie |

**Let asseblief op die volgende sake:**

- Leerders ontvang die afbakening en skrifte/leerwerk een week voor hulle 'n vak se toets moet skryf. Gaan asseblief deur hul skrifte en besorg dit weer geteken terug aan die skool.
- Indien 'n leerder afwesig is op die dag waarop afbakenings en skrifte/leerwerk uitgedeel word, is dit die leerder se plig en verantwoordelikheid om dit self te bekom en daarvoor te gaan vra.

- Slegs leerders wat 'n **<u>mediese sertifikaat</u>** inhandig of op grond van 'n **<u>amptelike skrywe</u>** vanaf 'n ouer/voog, sal goedkeuring van die adjunkhoof verkry en toegelaat word om toetse soos volg te skryf:
  - **<u>Vrydagtoetse</u>** word die daaropvolgende **<u>Maandag na skool</u>** geskryf.
  - **<u>Maandagtoetse</u>** word die daaropvolgende **<u>Donderdag na skool</u>** geskryf.
  - 'n Leerder wat nie opdaag vir bogenoemde dae nie, sal die toets skryf **op die dag wat hy/sy terugkeer skool toe.**

- Toetse wat na die amptelike toetsdatum afgelê word, sal meer tel as die amptelike toets, aangesien 'n <u>addisionele vraag verpligtend</u> sal wees. Dit is dus belangrik dat leerders wel toetse op die vasgestelde datum aflê.

Baie dankie vir u samewerking met betrekking tot die toetsrooster en die sake wat daarmee verband hou. Mag u en u kinders die akademiese kwartaal positiewe beleef.

Kurrikulumgroete.

I K Kichenbrand
Adjunkhoof

D F Venter
Skoolhoof